


VRYBURGER
DIENSORGANISASIE
*Dien met vreugde*

DIE VRYBURGERS

## Wie is die Vryburgers en wat doen hulle?

Die Vryburgers is 'n nie-politiese diensorganisasie wat daarna strewe en hulle beywer vir die maatskaplike ontwikkeling van die gemeenskap en terseldertyd ook die bevordering van die Afrikaanse kultuur en tradisies. Die organisiasie gebruik die Bybel as grondslag. Meeste van ons lede is Afrikaanse besigheidsmanne (en deesdae vroue ook) wat graag 'n verskil in hulle onmiddelike omgewing en ons land wil maak.

Die Vryburger Omgeemense het GEEN verbintenis of assosiasie met die Vrymesselaars en die dorp Vryburg nie.

Nou hoekom dan die naam Vryburgers? Wel, in 1652 het Jan van Riebeeck 'n halfweghuis vir die VOC op die handelsroete tussen Europa en die Ooste gevestig. In 1657 besef die goewerneur dat hy nie die land alleen mak kan maak nie. Ongeveer 550 kontrakwerkers word onthef en ontvang grond om vir hul eie rekening te bewerk. Hierdie pioniers, die Vrije Burghers, was die eerste landbouers aan die Kaap. Later het hulle dan as die Vryburgers bekendgestaan.

Die hunkering na 'n Afrikaanse diensbeweging het 'n groepie Afrikanermans van Bloemfontein aangespoor om 'n beweging te stig waardeur daar na die welsyn van die gemeenskap omgesien kan word. Gedurende 1963 is so 'n beweging gestig. Daar is besluit op die naam Vryburgers, met 'n afbeelding van Adam Tas, een van die vroeë Vryburgers, se huis as embleem. Sedertdien is Die Vryburger Omgeemense 'n groepering van outonome korpse (klubs) en is die oogmerk die insameling van fondse en inklusiewe dienslewering aan die breë gemeenskap.

Een van die mees prominentste en bekendste projekte van die Vryburgers is die nasionale Kos-vir-Kinders projek. Ander nasionale projekte sluit in Woordverspreiding (waar audio-bybels versprei word) en die Tamaaibraai (waar daar landswyd by ouetehuise gebraai word vir die oumense).

**Vir meer inligting oor die Vryburger Omgeemense, besoek gerus www.vryburgers.co.za en https://www.facebook.com/GeorgeVryburgers/**

kos
vir kinders




VRYBURGER
DIENSORGANISASIE
*Dien met vreugde*